

Die persoon Petrus



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Lukas 5:1–11; Matteus 16:13–17; Matteus 14:22–33; Lukas 22:31–33, 54–62; Galasiërs 2:11–14.

Geheeteks:

“Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: ‘Here, red my!’ En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: ‘Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?’”(Matt. 14:30, 31).

Petrus is die outeur van die twee boeke wat na hom vernoem is (*I en II Petrus*). Hy was een van die eerste volgelingen van Jesus; hy was saam met Jesus gedurende die Here se bediening op aarde; en hy was een van die eerste dissipels wat die leë graf gesien het. Petrus het dus ‘n skat van ondervindinge gehad wat hy, deur die Heilige Gees geïnspireer, kon gebruik om hierdie kragtige briewe te skryf. “Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit” (*II Pet. 1:16*). Petrus word dikwels in die Evangelies genoem waar daar van beide sy oorwinnings en swakhede gelees kan word. Hy was gewoonlik die segsman van die dissipels in gesprekke met Jesus. Na Jesus se opstanding en hemelvaart het Petrus ‘n prominente kerkleier van die vroeë kerk geword. In die boek van Handelingte word daar oor hom geskryf, en ook in die boek van Galasiërs. Wat baie belangrik is, is dat Petrus geweet het hoe dit voel om foute te begaan, vergewe te word, en in geloof en nederigheid aan te beweeg. Deurdadig hyself God se genade ondervind het, kan hy kragtig teenoor ons almal wat daardie selfde genade nodig het, getuig.

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 1 April.

Gaan weg agter My!

Ons eerste kennismaking met Petrus is by die See van Galiléa waar hy ‘n visserman was (*Matt. 4:18, Mark. 1:16 en Luk. 5:1–11*). Hy het regdeur die nag gewerk sonder om ‘n vis te vang, maar toe Jesus hulle beveel het om terug te gaan en weer te probeer, het hulle gehoorsaam. Wat moes Petrus en die ander se verbasing nie gewees het nie toe hulle so baie vis gevang het dat hulle bote wou sink. Wat het deur hulle gedagtes gegaan na hierdie wonderwerk?

Lees Lukas 5:1–9. Wat vertel Petrus se woorde aan Jesus in Lukas 5:8 ons oor Petrus? Dit wil sê, watter insigte kry ons oor sy geestelike gesteldheid?

Petrus moes beïndruk gewees het met wat hy van Jesus geweet het. Selfs voor hierdie wonderwerk, toe Jesus die groep beveel het om hulle nette te laat sak, het Petrus – alhoewel hy ongelowig was omdat hulle aanvanklik niks gevang het nie – nogtans gesê: “ ‘op U woord sal ek die net laat sak’ ”. Dit lyk asof Petrus reeds iets oor Jesus geweet het, en dat hierdie kennis hom gedring het om Jesus te gehoorsaam. Dit is immers duidelik dat Petrus al ‘n ruk lank saam met Jesus verkeer het voor hierdie insident plaasgevind het.

Miskien is daar ‘n aanduiding in Lukas 5:3 wat net voor die visvangwonderwerk gebeur het. “Toe klim Hy in een van die skuite wat aan Simon behoort het, en vra hom om ‘n entjie van die land af weg te vaar, en Hy het gaan sit en die skare van die skuit uit geleer”. Miskien het die woord van Jesus hier vir Petrus diep beïndruk. Hoe dit sy, na die wonderwerk het Petrus iets meer in Jesus raakgesien, iets heiligs in teenstelling met sy eie sondigheid. Petrus se besef van sy eie sondigheid en sy gewilligheid om dit in die openbaar te erken, wys hoe oop hy vir die Here was. Geen wonder dat hy ‘n geroepene was nie! Wat sy tekortkominge ook al was, en daar was baie, was Petrus ‘n geestelike man wat gereed was om die Here te volg, afgesien van wat dit hom sou kos.

Lees Lukas 5:11. Wat is die belangrikste beginsel hier? Wat vertel hierdie teksvers ons oor watter tipe toewyding Jesus vereis? Wat behoort dit ook aan ons te sê oor hierdie vissermanne se gewilligheid om alles net so te los nadat hulle nette vol vis was?

Christus se identiteit word bevestig

Een van die grootse oomblikke in die verhaal van Jesus was tydens 'n gesprek met Petrus. Jesus het so pas 'n onderonsie met die skrifgeleerdes en Fariseërs gehad toe hulle Hom vir 'n teken gevra het om te bewys wie Hy was (*sien Matt. 16:1–4*). Toe Hy later alleen met die dissipels was, het Jesus met hulle oor die twee wonderwerke gepraat wat Hy gedoen het toe Hy tweekeer duisende mense gevoed het met net 'n paar broodjies en 'n paar visse. Die konteks van hierdie gesprek was Sy waarskuwing dat die dissipels versigtig moet wees vir die “suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs” (*Matt. 16:11*).

Lees Mattheüs 16:13–17. Wat gebeur hier? Wat is die betekenis van Petrus se woorde aan Jesus?

Petrus het sy geloof in Jesus hier kragtig hoorbaar gemaak. En Mattheüs 16:20 toon duidelik dat die ander dissipels saam met Petrus Christus as die Messias aanvaar het. Hierdie was 'n keerpunt in die bediening van Jesus, alhoewel Petrus en die ander dissipels nog baie gehad het om te leer. “Die dissipels het nog verwag dat Christus sou regeer as 'n tydelike vors. Alhoewel Hy Sy plan so lank bedek gehou het, het hulle geglo dat Hy nie altyd in armoede en onbekendheid sou bly nie, die tyd was naby wanneer Hy Sy koninkryk sou stig. Dat die haat van die priesters en rabbi's onoorkomelik was, dat Christus deur Sy eie volk verwerp en as bedriëer veroordeel was, en gekruisig sou word as 'n misdadiger – sulke gedagtes het nooit by die dissipels opgekom nie.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 423.

Toe die dissipels Jesus as die Messias erken, begin Jesus hulle te leer dat Hy moet ly en doorgemaak word (*sien Matt. 16:21–23*), 'n konsep wat Petrus nie kon aanvaar nie. Petrus gaan so ver as om Jesus te “bestraf”. Jesus draai om en sê vir Petrus, “ ‘Gaan weg agter My, Satan!’ ” (*Matt. 16:23*). Dit was een van die strengste berisplings wat Hy teenoor iemand uitgespreek het gedurende Sy bediening; en tog het Hy dit gedoen vir Petrus se eie beswil. Petrus se woorde het sy eie begeertes weerspieël, sy eie selfsugtige gesindheid oor wat hy wou hê moes gebeur. Jesus moes hom onmiddellik in sy spore gestop het, en alhoewel Jesus eintlik die Satan aangespreek het, het Petrus die boodskap gekry. Petrus het nodig gehad om te leer dat om die Here te dien, lyding ingesluit word. Hierdie les wat hy geleer het, het duidelik deurgeskemer in sy latere geskrifte (*sien 1 Pet. 4:12*).

Hoe dikwels bots jou eie begeertes met wat jy weet God wil hê jy moet doen? Hoe besluit jy wat om te doen in sulke situasies?

Petrus loop op water

Terwyl hulle saam met Jesus rondgegaan het, het die dissipels baie merkwaardige dinge beleef, alhoewel min van hierdie belewenisse vergelyk kan word met wat in Mattheüs 14:13-33, Markus 6:30-52, en Johannes 6:1-21 beskryf word. Jesus het vyf broodjies en twee vissies gebruik om meer as 5 000 mense te voed. Ons vra weer, wat het in hulle gedagtes aangegaan nadat hulle hierdie wonderwerk beleef het?

Lees Mattheüs 14:22–33. Wat is die belangrikste boodskap wat ons uit hierdie storie kan haal om ons verhouding met die Here te laat groei?

Met die voeding van die menigtes het hierdie manne Jesus se krag op ‘n merkwaardige wyse waargeneem. Hy het waarlik beheer oor die natuur gehad. Dit moes Petrus aangespoor het om die brawe of selfs aanmatigende versoek aan Jesus te rig: “Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom” (*Matt. 14:28*). Wat ‘n geloofsuiting!

Jesus het toe hierdie geloofsuiting erken en vir Petrus gesê hy moet kom, wat hy toe gedoen het. Petrus se geloofsdaad in aksie! Dit sou iets gewees het om op die water te loop terwyl dit kalm was, maar Petrus het dit gedoen terwyl die see stormagtig was! Die gebruikelike les uit hierdie verhaal gaan oor om Jesus nie uit die oog te verloor nie. Maar, daar is nog meer om te leer. Petrus moes sekerlik op Jesus vertrou het, want hy sou nie andersins die versoek gerig het en tot aksie oorgegaan het nie. Nadat hy dit egter gedoen het, het hy begin bang word, en toe begin sink.

Hoekom? Kon Jesus nie vir Petrus bo-op die water gehou het ten spyte van sy vrees nie? Hy het egter toegelaat dat Petrus die punt bereik waar hy niks anders kon doen as om hulpeloos uit te roep nie, “Here, red my!” (*Matt. 14:30*). Jesus het toe Sy hand uitgesteek en gedoen wat Petrus gevra het. Die feit dat Jesus “dadelik Sy hand uitgesteek en hom gegryp [het]” (*Matt. 14:31*) terwyl Hy hom bo-op die water kon laat loop het sonder om eers aan hom te raak, het definitief vir Petrus laat beseef hoeveel hy nog moes leer om op Jesus te vertrou. Ons kan baie gelowig begin en op die krag van die Here vertrou, maar wanneer die situasie skrikaanjaend word, moet ons Jesus se woorde aan Petrus onthou: “‘Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?’” (*Matt. 14:31*).

Petrus loën sy Here

Lees Lukas 22:31–34, 54–62. Watter lesse kan ons uit die foute wat Petrus hier begaan het, leer?

Petrus se bedoeling was goed. En, die feit is dat hy meer durf aan die dag gelê het as die ander dissipels. Eintlik het hy Jesus gevolg om uit te vind wat met Hom sou gebeur, maar in die proses het hy besluit om sy ware identiteit weg te steek. Hierdie kompromie en ompad van wat goed en reg was, het hom daartoe gelei om sy Here driekeer te verraai, net soos Jesus hom gewaarsku het hy sou doen. Die verhaal van Petrus hier is op 'n sombere manier leersaam oor hoe die gevolge van 'n kompromie jou kan verniel.

Soos ons weet, is die Christelike geskiedenis deurdrenk met verskriklike resultate wat gevolg het nadat kompromieë kernwaarhede vervang het. Alhoewel die lewe baiekeer skikkings vereis, en ons partykeer gewillig moet wees om te gee en te neem, moet ons vasstaan wanneer dit by kernwaarhede kom. As God se volk moet ons leer wanneer ons onder geen omstandighede ons beginsels moet opoffer nie. (*Sien byvoorbeeld Openb. 14:12.*) Volgens Ellen G. White het Petrus se kompromie en foutiewe optrede in Getsémané begin toe hy, in plaas daarvan om te bid, geslaap het, met die gevolg dat hy nie geestelik voorbereid was vir dit wat aan die kom was nie. As hy getrou gebid het, skryf sy, sou hy “sy Here nie verloën het nie.” — *Die Koning van die Eeue*, bl.730.

Ja, Petrus het erg gefaal. Maar God se genade was groter as sy mislukking. “... waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword.” (*Rom. 5:20*) Dit was Jesus se vergifnis wat Petrus een van die hoofleiers van die vroeë Christelike kerk gemaak het. Watter kragtige les leer ons nie hier oor die werklikheid van God se genade nie. Ten spyte van ons foute en mislukkings moet ons almal in geloof vorentoe beweeg. Petrus het geweet wat dit beteken om vergewe te word. Hy het eerstehands geweet waarom die evangelie gaan, want hy het nie net die werklikheid van die mens se sondige natuur ondervind nie, maar die grootheid en diepte van God se liefde en genade teenoor sondaars.

Hoe kan ons leer om hulle te vergewe wat ons erg teleurgestel het net soos Petrus Jesus hier teleurgestel het?

Petrus as kerkleier

Gedurende Jesus se bediening het Petrus dikwels as leier van die twaalf dissipels opgetree. Hy was gewoonlik hulle woordvoerder. Matthéus se lys van die dissipels begin so, “die eerste ... Petrus” (*Matt. 10:2*). Petrus het ook ‘n prominente rol in die vroeë kerk gespeel. Dit was Petrus wat die inisiatief geneem het om ‘n dissipel in die plek van Judas Iskariot wat Jesus verloën het, aan te stel (*Hand. 1:15-25*). Op Pinksterdag was dit Petrus wat aan die menigte verduidelik het dat wat hulle aanskou het, die beloofte gawe van die Gees was wat God op Sy volk uitgestort het (*Hand. 2:14-36*). Dit was Petrus wat, toe hy gearresteer was omdat hy oor die opstanding uit die dode gepreek het, die hoëpriester en die vergadering van Joodse leiers toegesprek het (*Hand. 4:1-12*). Dit was Petrus wat na Cornelius, die eerste heiden wat ‘n volgeling van Jesus geword het, gelei was (*Hand. 10:1-48*). Dit was Petrus vir wie Paulus vir vyftien dae lank besoek het toe hy ná sy bekering die eerstekeer na Jerusalem gegaan het (*Gal. 1:18*). Weliswaar, toe Paulus Jesus se kring van volgelinge in Jerusalem beskryf het tydens ‘n volgende besoek, het hy drie “pilare” van die kerk geïdentifiseer: Petrus, Jakobus die broer van Jesus, en Johannes die geliefde dissipel (*Gal. 2:9*).

Lees Galasiërs 1:18, 19; 2:9, 11-14. Wat vertel hierdie teksverse ons oor Petrus terwyl hy as bekende leier van die vroeë kerk opgetree het?

Selfs as ‘n kerkleier, selfs as iemand wat duidelik deur die Here geroep was (Jesus het aan Petrus gesê, “Laat my skape wei” [*Joh. 21:17*]), selfs as die een wat in ‘n visioen gesien het dat hy “geen mens onheilig of onrein mag noem nie (*Hand. 10:28*), het Petrus nog steeds belangrike groei nodig gehad. Gedurende die vroeë dae van die kerk was amper al die Christene, Jode van wie baie “yweraars vir die wet” was (*Hand. 21:20*). Volgens hulle interpretasie van die wet was dit verkeerd om saam met heidene te eet omdat laasgenoemde as onrein beskou was. Toe daar Joodse Christene van Jakobus af van Jerusalem in Antiochië opdaag, het Petrus opgehou om saam met die heidene te eet. Paulus het sulke optrede as ‘n aanval op die evangelie self beskou. Hy het Petrus se gedrag as openlike geveinsdheid gesien en was nie bang om met hom daaroor te praat nie. Paulus het toe die geleentheid gebruik om die kernwaarheid van die Christelike geloof uit te lig: regverdigmaking deur geloof alleen (*sien Gal. 2:14-16*).

Alhoewel hy deur God geroep was, het Petrus ‘n paar swak karaktereenskappe gehad wat reggestel moes word. Hoe reageer ons wanneer ons swakhede uitgewys word?

Vir verdere studie:

Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, “Die Roeping by die See,” bl. 240–247, “’n Nag op die Meer,” bl. 379–385. Van die visserman se vroegste bewuswording van sy sondigheid tot sy kragtige verklaring oor Jesus, “’U is die Christus, die Seun van die lewende God” (Matt. 16:16), tot sy verskriklike verloëning van sy Here, en selfs tydens sy oorwinninge en foute wat hy as leier in die kerk gemaak het, was Petrus verseker ’n sleutelman. Aldus, deur die foutlose inspirasie van die Heilige Gees kon Petrus dit wat hy geskryf het, gedoen het nie alleen deur sy teoretiese kennis nie, maar deur sy persoonlike ondervinding. Hy het nie alleen die reddende genade van Christus geken nie, maar ook Sy heiligmakende genade: “Voor sy (Petrus se) groot val, was hy altyd uitgaande en gebiedend, gou en impulsief om te praat sonder om te dink. Hy was altyd gereed om ander mense reg te help en homself uit te spreek voordat hy duidelikheid in homself gehad het of oor wat hy wou sê. Maar Petrus het tot bekering gekom, en die wedergebore Petrus het baie verander van die ondeurdagte en voortvarende persoon wat hy voorheen was. Alhoewel hy sy vroeëre vurigheid behou het, het die genade van Christus sy geesdrif beheer. In plaas daarvan om oorhaastig, selfversekerd en selfverheffend te wees, was hy kalm, selfbeheersd en leerbaar. Hy kon nou Christus se lammers en sy skape laat wei.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 5, bl. 334-335 (*vrye vertaling*). Wie onder ons kan nie in ’n sekere mate met Petrus identifiseer nie? Wie het nie soms nagelaat om kragtig vir hulle geloof te getuig nie? En wie het nie by tye jammerlik gefaal nie?

Vrae vir bespreking:

- 1. Wat vertel dit ons oor die genade van God dat selfs na so ’n skandalige verloëning van Jesus, Petrus so ’n prominente en belangrike rol in nie net die vroeë kerk, maar ook in die Christelike geloof, vervul het nie? (Per slot van rekening, hy het ’n deel van die Nuwe Testament geskryf!) Watter lesse kan ons uit sy herstel leer oor hoe om met diegene wat, op hulle manier, die Here teleurgestel het?**
- 2. Gesels in die klas oor die gevare wat kompromie vir die kerk inhou. Hoe kan ons weet wat ons moet gee en wat ons moet neem, en wat ons onder geen omstandighede oor moet skik nie? Watter voorbeelde van kompromie wat rampspoedig geëindig het, vind ons in die kerk se geskiedenis? Watter lesse kan ons uit hierdie gebeurtenisse leer?**
- 3. Petrus het ’n paar lesse op die harde manier geleer. Hoe kan ons op ’n makliker manier uit sy foute leer deur na sy foute te kyk?**

